PROJEK 6 HOE OM 'N DAK OF SKOORSTEEN TE VERSEËL

JY BENODIG

Cashbuild-waterdigtingsverf, Cashbuild-membraanlap, kwas, skêr, draadborsel, skuurpapier, skoppie en besem

STAP 1

Vat 'n draadborsel en borsel die oppervlakke wat verseël moet word deeglik. Borsel alle roeskolle of los verf tot jy 'n skoon oppervlak het. Skuurpapier kan ook gebruik word om verf wat skilfer mee weg te skuur. Vee dan die oppervlak met 'n besempie.

STAP 2

Meet die membraanlap so groot soos die deel wat jy wil verseël. Sny klein kepe in die lap waar dit aan die dak raak sodat dit om die skoorsteen pas. Moenie die lap versnipper nie – een stuk verseël die lekplek beter.

STAP 3

Verf die waterdigtingsverf op die skoorsteen en 'n gedeelte van die dak. Druk die membraanlap versigtig in posisie bo-op die nat verf. Gebruik 'n nat kwas en druk die verf letterlik deur die lap. Waterdigtingsverf en membraanlap werk doeltreffend as die lap deel word van die oppervlak. Maak dus seker dat die lap geen lugborreltjies vorm nie – druk enige sulke borreltjies met die kwas uit. Die lap moet behoorlik vasplak. Verf 'n laag waterdigtingsverf met hale in een rigting bo-oor die hele gedeelte. Wag tot dit droog is en verf nog 'n laag – verf die kwashale in die teenoorgestelde rigting.

■ Waterdigtingsverf is beskikbaar in 'n groot verskeidenheid kleure, dus hoef jy nie jou netjiese dak te ontsier nie.